

6 Februarie 2022

# FAMILIE TUISBLAD



## 1 Korintiers 15:1-11

"My pa se bakkie is tog groter as joune!" Het julle mense al so gehoor praat? Wanneer mense probeer wys dat hulle goed groter en beter as ander mense s'n is, noem ons dit spog, of *brag*.

Maar dink vir 'n oomblik aan jou pinkie! Die pinkie is baie belangriker as wat ons dink, maar die pinkie spog nie daaroor nie. Die pinkie, as die kleinste vinger, herinner ons dat ons geroep word om nie te spog oor dit wat ons het of is nie. Paulus is 'n goeie voorbeeld van iemand wat rede het om te spog. Hy het, ten minste vir die Joodse Christene van sy tyd, baie goeie goed gedoen. Paulus skryf egter alles toe aan wie God is en wat God gedoen het en vat nie die eer vir homself nie. So word Paulus 'n voorbeeld van 'n man wat nederig is.

**Lees: 1 Korintiërs 15:9-10 Die opstanding van Christus**

### Gesels:

- Hoekom sê Paulus kan hy self nie spog oor hoe hard hy gewerk het en wat hy bereik het nie?
- Nederigheid is nie om minder *van* jouself te dink nie, maar minder *aan* jouself te dink. Hoe verstaan julle die verskil tussen hierdie twee idees van minder van en minder aan jouself dink?
- Hoe kan jy trots wees en jou beste gee, en terselfdertyd dankbaar en nederig?

**Bid:** Sê saam dankie oor die dinge waaroor julle trots of bly is en vra God se hulp om nederig te wees en om 'n getuie vir Hom te wees.

### Doen:

Maak 'n afdruk van jou hand op 'n bladsy of teken die buitelyne van jou hand. Gebruik jou duim om die nek en gesig van die pou te teken en teken die vere van die pou in die ander vier vingers. As jy 'peacock hand art' Google, sal jy voorbeelde kry. Mag die pou jou herinner dat ons trots mag wees oor die mooi dinge, maar dat ons in nederigheid altyd aan God die eer vir hierdie dinge moet gee.

Gesels hierdie week oor **manne in die Bybel wat getuies was** deur saam te luister na die **DinkJeug Familie App**.

### Laai die app hier af:

Google Play: <https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en>

Apple iStore: <https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715>

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te bely, besoek NOUS by [www.nous.org.za](http://www.nous.org.za)